

# DIE HANSWORS

SJ PRETORIUS

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

As jy na die titel kyk; waaroor dink jy, handel die gedig?





*Die werklikheid is heel anders!*



# SJ PRETORIUS

Sarel Jakop Pretorius het in 1943 gedebuteer as digter. Hy het 12 bundels gepubliseer tot sy dood in 1995.

1. Oor sy afsigtelike boggel
2. en kromheid het hulle hom gekoggel,
3. en bitterder was hul venyn
4. as sy vergroeide ruggraatpyn.

5. Tussen die diere in 'n hoek
6. het hy die eensaamheid gesoek:
7. "met klere wat gedurig gaar is,
8. Wat doen die vent met sy salaris?"

*ghastly*: afgryslike, aaklige

*hump / hunch*

*mock*: tart, terg

*venomousness*

sy ruggraat was vergroei van die boggel (*crooked*) en dit het gedurig pyn veroorsaak

sy klere was gedaan en stukkend

vent (*blighter*): negatiewe woord

9. Hy't maandeliks by die poskantoor

10. 'n brief gepos of een gelees

11. by die dierkratte, oor en oor:

12. "Sou daar tog êrens iemand wees?"








13. En daardie ewige reuk en drank:
14. nie een sou huil as hy bedank,
15. maar waar hy in die sirkustent
16. aapagtig teen die firmament,
17. hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18. die dood uittart, en, klein kabouter,
19. sy duiwelstreke uithaal onder
20. dat almal skater vir die wonder,
21. is hy, hoeseer verag, verlate,
22. nog deur die baas beskou as bate.

soos 'n aap

sterrehemel

toue teen die dak van die sirkustent

klim

uitdaag

sy liggaamsbou was klein soos die van 'n kabouter (*dwarf*)

sy toertjies om mense te laat lag

wonderwerk

in hoe 'n mate

*despise*: gehaat en op neergesien


*asset*: voordeel

21. Toe het 'n brief gekom eendag ...
22. Hy't oor die bed gebuk, verblind,
23. terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
24. sterwend fluister: "Dankie my kind ..."

hy kon nie sien deur sy trane nie

'n klein vroutjie wat ook 'n boggelrug gehad het.

*dying*: besig om dood te gaan



# BESPREKING EN VRAE

- Dit is ‘n ernstige vingerwysing na die mensdom wanneer misvormde mense in sirkusse as hansworse gebruik word, sodat die gehoor vir hulle kan lag ...
- TEMA: die lyding van die gebreklikes a.g.v. die onmenslikheid van sy medemens.
- STEMMING: swaarmoedig
- Strofe 1-3 verwys na die mense wat saam met die hansworse gewerk het. Die mense wat hom geken het & dus vir hom respek moes betoon het.
- Sy eensaamheid tussen al die mense word bevestig deur die feit dat hy by die “dierkratte” sy briewe gaan lees het & in r. 12 kan jy die verbasing van sy kollegas waarneem oor die blote moontlikheid dat iemand vir hom kon omgee.
- Paarrym en kruisrym kom voor.
- Hanswors..Bump..Thumela.pptx

1. **Som in nie meer as 2 sinne op waaroor die gedig gaan.**
- *Dit gaan oor die wreedheid van mense teenoor 'n boggelrug wat in die sirkus werk. Om sy vereensaming verder te beklemtoon, sterf sy ma, die enigste een wat hom sou verstaan.*

2. **Wat is die betekenis van 'afsigtelike' in 'afsigtelike boggel' (reël 1).**
- *Onaansienlike / lelike / afgryslike / onaantreklike*

3. **Waar of Onwaar: Die spot wat die boggelrug moet ervaar oor sy fisiese gebrek is vir hom veel erger as sy fisiese gebrek.**
- *Waar*

4. **By wie voel die boggelrug die tuisste – ander mense, of diere? Motiveer jou keuse.**
- *By diere – in strofe 2 is hy 'tussen die diere' en in strofe 3 lees hy die brief 'by die dierekratte'*

5. **Wie dink jy uiter die woorde 'Met klere wat gedurig gaar is, Wat doen die vent met sy salaris?' (strofe 2).**
- *Ander mense / sy kollegas wat hom verstoot, bespot en op hom neerkyk.*

6. **In Strofe 3 word daar na 'n briewewisseling verwys.  Vir wie en van wie dink jy, ontvang hy briewe?  (Wenk – kyk na die laaste strofe).**

- *Sy ma.*

7. **In str. 4 is dit duidelik dat sy kollegas nie veel van hom hou nie, tog hou die sirkusbaas hom nog in diens.  Waarom?**

- *Sy baas sien hom as 'n 'bate' (iemand wat finansieel voordelig vir hom is) omdat hy die sirkusgehoor laat lag, 'skater'.*

8. **Dink jy die boggelrug is bang vir die dood?  Motiveer jou antw. met 'n aanhaling uit die 4de strofe.**

- *Nee, want in strofe 4 sê die spreker dat hy met sy waaghalsige toertjies 'die dood uittart' (uitdaag).  Waarskynlik beteken die lewe vir die boggelrug so min dat hy nie omgee of hy lewe of dood is nie.*

9. **Kies die korrekte opsie: wanneer die boggelrug in strofe 5 oor sy ma se sterwensbed buk, is hy 'verblind'. Hierdie 'verblind' verwys na:**

A. Nie net is die boggelrug fisies misvorm nie, maar hy is blind ook.
B. Hy is so hartseer dat die trane sy sig belemmer.
C. Toe hy sy ma op haar sterwensbed sien, is hy verblind deur die woede oor die onreg en veragting wat hy as mens moet ervaar.
D. Hy het skielik blind geraak.

- *B*

10. **Waaroor dink jy bedank sy ma hom in die laaste woorde: 'Dankie my kind ...'**

- *Nie duidelik uit die gedig nie. Kan wees dat sy hom bedank vir die briewe, of dat hy na haar sterwensbed gekom het, of dat hy haar verstaan juis omdat hy ook soos sy 'n boggelrug is.*